

"Uitroep tot God ...!" - Boodskap van die boek Miga -

OPGAAF

In einde 2017 se pastorale brief aan gemeentes van die NG Kerk Vrystaat, word 'n gevoel van ontredding verwoord: "Die Moderamen het kennis geneem van die angs en gevoel van hopeloosheid by baie ampsdraers en lidmate van ons kerk. Lidmate twyfel of God werklik iets aan ons situasie kan doen." Hierna volg 'n oproep tot geloof en vertroue in die Lewende God. In die lig hiervan vra die organiseerders van hierdie konferensie die vraag: wat maak ons angstig, hooploos, moeg? En vandaar die tema vir vandag "Wat maak ons moeg & moedeloos?"

Die versoek is dat ek in die lig van die boodskap van die boek Miga, 'n oggendwyding sal lei en dan in 'n aanbieding by die oggend se tema sal aansluit, terwyl die oorhoofse tema van hierdie VBO-week, naamlik "Uitroep tot God ...!" voor oë gehou sal word.

Hier word gepoog om aan die gedagtes van die organiseerders te voldoen deur enersyds 'n eie refleksie op die invloed van ons konteks op ons gemoed te bied en dan in dié lig te fokus op die teks van die boek Miga in die algemeen, maar Miga 7:1-7 en 18-20 in die besonder. Hierdie bydrae behoort in samehang met die oordenking uit Miga 6:1-8 beskou te word.

TEKS: MIGA 7:1-7 en 18-20

Die Afrikaanse teks is 'n eie, direkte vertaling waarin gepoog word om die Hebreeus so getrou as moontlik weer te gee.

7¹Wee my, want dit is met my soos ná die insameling van die somervrugte, soos na die oes van die druiwe: geen tros is daar om te eet nie, of vroeë vye wat begeer my wese nie. ²Verdwyn het die getroues uit die land uit; en opregtes is daar onder die mense geen nie; hulle almal op bloed hulle lê en wag; 'n man sy broer - hulle jag met nette. ³Ten opsigte van die kwade - handpalms is goed; die vors vra én die regter - omkoopgeld, en die magtige uiter die begeerte van sy wese; hulle, en hulle verdraai. ⁴Die beste onder hulle is soos 'n doringstruik, die opregte soos 'n doringheining; die dag van hulle wat jou fyn dophou, van jou afrekening kom; dan sy sal wees hulle verwarring. ⁵Geen geloof in 'n vriend, geen vertroue in 'n bondgenoot nie; van haar wat lê aan jou boesem, bewaar die opening van jou mond teenoor haar. ⁶Want die seun minag die pa, die dogter staan op teen haar ma, die skoondogter teen haar skoonma, die man se vyande is sy huis! ⁷Maar ek op JHWH fokus ek, ek wag op die God van my verlossing, my God, hy sal my hoor.

17 אֱלֹהֵי לֵי כִי הָיִתִי בְּאֶסְפִּי-קִיץ בְּעֵלְלֹת בְּצִיֹר
אִין-אֶשְׁכּוֹל לְאֶכּוֹל בְּכוּרָה אוֹתָהּ נִפְשִׁי: ² אֲבָד
חֶסֶד מִזֶּה-אֶרֶץ וַיִּשָּׁר בְּאָדָם אִין כָּלֵם לְדָמִים
יֵאָרְבוּ אִישׁ אֶת-אָחִיהוּ יִצּוּדוּ חֶרֶם: ³ עַל-הָרֶעַ
כְּפִים לְהִיטִיב הַשָּׂר שֵׁאֵל וְהַשֹּׁפֵט בְּשִׁלּוֹם
וְהַגְדוֹל דָּבַר תּוֹת נִפְשׁוֹ הוּא וַיַּעֲבֹתוּהָ: ⁴ טוֹבֵם
כְּחֹדֵק יִשָּׂר מִמְּסוּכָה יוֹם מִצְפִּיָּךְ פְּקַדְתָּךְ בְּאֶה
עָתָה תִהְיֶה מְבוֹכְתָם: ⁵ אֶל-תִּאֲמִינוּ בְרַע אֶל-
תִּבְטְחוּ בְּאֵלוֹף מִשְׁכַּבֵּת חִיקְךָ שָׁמַר פֶּתַח-יְפִיךָ:
⁶ כִּי-יִבֹן מִנִּבֵל אָב בֵּת קוֹמָה בְּאֵמָה כָּלָה בְּחַמְתָּהּ
אִיבֵי אִישׁ אֲנִשִּׁי בֵיתוֹ: ⁷ וְאֲנִי בֵיהוָה אֶצְפֶּה
אוֹחִילָה לְאֵלֹהֵי יִשְׁעֵי יִשְׁמַעֲנִי אֱלֹהֵי:

¹⁸Wie is 'n God soos U, wat vergewe die skuld en gaan verby die oortreding van die oorblyfsel van sy erfposisie? Hy klou nie vas vir altyd aan sy woede nie, maar hy vind vreugde in lojale-goedheid. ¹⁹Hy draai weer terug sy genade na ons, Hy vertrap ons skuld, en U werp in die diepte van die see al hulle sondes. ²⁰U gee trou aan Jakob, lojale-goedheid aan Abraham, soos wat U gesweer het aan ons vaders sedert die dae van vroeër.

¹⁸ מִי־אֵל כְּמוֹדִי נִשְׂא עֹן וְעִבֵר עַל־פְּשָׁע לְשֹׂאֲרֵית
 נִחַלְתָּו לֹא־הֶחְזִיק לְעַד אֲפֹ כִי־חָפַץ חֶסֶד הוּא:
¹⁹ יָשׁוּב יִרְחַמְנוּ יִכָּבֵשׁ עֲוֹנֹתֵינוּ וְתִשְׁלַיֵךְ
 בְּמַצְלוֹת יָם כָּל־חַטָּאוֹתָם: ²⁰ תִּתֵּן אֶמֶת לְיַעֲקֹב
 חֶסֶד לְאַבְרָהָם אֲשֶׁר־נִשְׁבַּעְתָּ לְאַבְתָּינוּ מִימֵי
 קָדָם:

WAT MAAK ONS MOEG EN MOEDELLOOS?

Suid-Afrika is op letterlik alle vlakke 'n net te diverse land om enigins te wil voorgee dat 'n mens sou weet wat ons moeg en moedeloos maak. Selfs 'n groep soos byvoorbeeld Afrikaners is 'n te diverse groep om te meen dat ek met stelligheid kan sê wat baie van ons so laat voel. Dieselfde geld lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die algemeen en selfs my plaaslike gemeente in besonder.

Dit beteken egter nie dat mens nie in die verband mag poog om relatief ingelig te spekuleer nie. Elkeen van ons leef, werk en speel immers in ons diverse land, neem aan gesprekke deel en is via die media en sosiale platforms bewus van wat in ons omgewing, land en wêreld aangaan. Die antwoord hier is egter slegs indrukke en nie feite gebaseer op eweknie beoordeelde empiriese navorsing nie.

Die tegno-kommunikatiewe revolusie wat ons tans wêreldwyd beleef, hou opwindende en oënskynlik byna onbepaalde moontlikhede in. Talle voorbeelde hiervan beleef ons reeds daaglik. So het dit onlangs gebeur dat selfs mense in die Noord-Kaapse nedersetting Draghoender byna uur vir uur kon beleef hoe Taiwanese kinders uit 'n grot op 'n ander kontinent gered word. Wat ons in die verband egter gewoonlik nie verreken nie, is watter emosies van byvoorbeeld ang en (ten minste aanvanklik) wanhoop met die volg van sulke nuusgebeure in ons onderbewuste gaan lê nie. Al gebeur dit ver van ons en ons geliefdes, traumatiseer dit ons tot 'n mindere of meerdere mate.

Min van ons het al met byvoorbeeld die huidige leier van die *Economic Freedom Fighters* (EFF) blad geskud of as mens tot mens met hom in aanraking gekom. Tog roep net sy naam danksy beelde wat ons van hom op televisie of YouTube sien ang, woede en selfs wraakgedagtes by sommige Suid-Afrikaners op. Beelde en uitsprake van hom maak baie van ons moedeloos oor en moeg vir die situasie in ons land.

Belangrike plaaslike nuus wat ons ingelig hou oor dinge wat ons raak, versterk net ons moegheid en gevoelens van moedeloosheid. Veral wanneer nuus gedomineer word deur berigte van prysstygings, ekonomiese agteruitgang, geweld teen vroue, tiener selfdood, rassistiese voorvalle, moord, aanranding, grootskaalse korrupsie, bedrog, onwettige eiendomsbesetting, dreigende grondonteiening, groeiende werkloosheid en dies meer.

In die media, maar ook in onderlinge privaat gesprekke oor ons land en sy mense vervaag die grense tussen feit en fiksie meermale, sodat fop-nuus deesdae 'n algemene verskynsel is, Ons eet leuens, gerugte en wanvoorstellings vir soetkoek op en besef nie tot watter mate dit ons moedeloos maak indien dit waar is en hoe moeg en onseker dit ons laat voel indien dit blyk fop-

nuus te wees nie. Selfs ons wat geroep is as verkondigers van die evangelie, word dikwels oorleweraars van fop-nuus. Ons wat mekaar behoort moet in te praat, maak mekaar met ons praatjies moeg en dra by tot 'n gevoel van moedeloosheid.

Ons moet ook nie die krag van die snelle afwisseling van goeie en slegte nuus onderskat nie. Jy raak so gewoon daaraan om dan goeie en dan slegte nuus te ontvang, dat jy later nie meer te opgewonde raak oor goeie nuus nie, terwyl slegte nuus jou eerder verlam as ontstel. So poog jy om jou teleurstelling en wanhoop te temper. Dit saam met 'n deurlopende gevoel van onsekerheid verhoog baie Suid-Afrikaners se vlakke van moegheid en moedeloosheid wat op sy beurt onder meer lei tot apatie.

Ten slotte - wat ons miskien die meeste moedeloos maak, is die kwade en onreg uit onverwagte oorde en op onwaarskynlike plekke. Dink byvoorbeeld aan mense wat die misdaadslagoffer word van 'n goeie kennis, of selfs eie familie, of wanneer jy 'n slagoffer van misdaad word op 'n plek en/of gedurende 'n tyd wat 'n mens nie so iets sou verwag nie. Voeg hierby die kwade en onreg wat welig tier onder mense wat hoog opgee vir hulle geloof in Jesus en sy boodskap van naasteliefde.

Elkeen van julle sal tot hierdie lys van sake nog voorbeelde kon toevoeg, of selfs op punte van my kon verskil. Hoe dit ook al sy, teen hierdie agtergrond gaan ons vervolgens die een en ander oor die historiese en literêre konteks van die boek Miga met mekaar deel, waarna daar meer spesifiek op Miga 7:1-7 en 18-20 gefokus sal word. Die gedagte is dat elkeen aan die einde self sal oordeel tot watter mate die boodskap van die boek Miga wat hier aangebied word, ons enigsins in ons huidige omstandighede bemoedig.

NAAM VAN DIE PROFEET EN HERKOMS

דְּבַר־יְהוָה | אֲשֶׁר הָיָה אֶל־מִיכָה הַמְרִשְׁתִּי בְיָמֵי יוֹתָם אֲחִי יְחִזְקִיָּה מִלְכֵי יְהוּדָה אֲשֶׁר־חָזָה עַל־שְׁמֹרֹן וַיְרֹשְׁלָם:
die lui opskrif van die boek Miga.¹

Die boek Miga is waarskynlik vernoem na 'n jonger tydgenoot van die profeet Jesaja. Uit die Bybel kry 'n mens die indruk dat die naam Miga 'n vry algemene naam was. Na ons beste wete verwys Jeremia 26:18² na die Miga van die boek wat dié naam dra. Die naam beteken iets soos "wie is soos JHWH" en talle eksegete is van mening dat daar in 7:18 met die uitdrukking מִי־אֵל כְּמוֹךָ - "wie is 'n God soos U?" moontlik 'n woordspeling op die profeet se naam is.

Moreset vanwaar die profeet afkomstig is, word gewoonlik geïdentifiseer met Moreset-gat in die Sjeféla (Miga 1:14). Tell el-Judeideh omtrent 32 kilometer suid-wes van Jerusalem is die dorp se waarskynlike argeologiese terrein. Dit was halfpad tussen Jerusalem en Gasa geleë en meer spesifiek op die roete tussen Asekah en Lagis. Die redaktor(s) van die boek wou Miga met die verwysing in die opskrif onderskei van ander karakters wat dieselfde naam dra.

¹ "Die woord van JHWH was (tot) Miga, van Moraset, in die dae van Jotam, Agas, Hiskía, konings van Juda; wat hy gesien het betreffende Samaria en Jerusalem." Hierdie konings se regeringstyd is soos volg: Jotam 750/749-735/734 v.C., Agas 735/734-716/715 v.C. en Hiskia 715/714-697/696 v.C. Hiskia se datering is egter problematies.

² "Miga van Moraset het as profeet opgetree in die dae van Hiskia koning van Juda; en hy het gepraat met die hele volk Juda en gesê: 'so sê JHWH van die menigte: Sion - 'n land 'n omgeploegde word sy en Jerusalem 'n puinhoop sal sy wees en die berg van die tempel 'n hoogte van bosse."

TEKS EN POSISIE IN DIE KANON

Die Massoretiese teks van Miga is goed bewaar. Tog is die betekenis van die teks nie oral ewe duidelik nie en dit bemoeilik die vertaling daarvan. Uit die aard van die saak dra dit dan ook by tot die soms problematiese aard van die interpretasie van die boek.

Wat die tekstuele vondste uit die Qumran-grotte en omtrekke betref, is Miga op drie van die Klein-profete rolle te vinde, terwyl dit ook op 'n Peshier-fragment gevind word. Daar is talle verwysings na die boek in die buite-Bybelse Qumran rolle te vind.

In die Hebreeuse kanon, die Peshitta en die Vulgaat staan Miga sesde in die boek van die twaalf, tussen Jona en Nahum. In die LXX staan dit egter derde na Amos, waarskynlik op grond van die lengte van die boek.

REDAKSIEGESKIEDENIS

Wat die samestelling en opbou van die boek Miga betref, is daar sprake van 'n groot mate van eenstemmigheid onder navorsers dat hoofstukke 1-3 hoofsaaklik stof uit die tyd van die agste eeuse profeet of kort daarna bevat. Dieselfde geld egter nie hoofstukke 4-7 nie. Daar word gewoonlik gewys op die kontras tussen Miga 3:13 (Jerusalem se ondergang) en die heilsaankondigings wat so prominent in Miga 4-5 teenwoordig is. Dit laat navorsers tot die konklusie kom dat hierdie hoofstukke van 'n profeet uit die na-eksiliese tyd afkomstig is. Miga 6-7 bevat oordeel en heil en is nog later tot die Miga-versameling toegevoeg, maar dit beteken nie noodwendig dat dit uit na-eksiliese materiaal bestaan nie.

Oor die mate, duur en omvang van redaksionele prosesse loop die menings egter uiteen. Sommige sien slegs enkele geïsoleerde verse as latere toevoegings, terwyl ander weer groter dele sien as redaksionele verwerking en bywerking. Na Stade se belangrike artikel in 1881³, was dit vir 'n geruime tyd 'n aanvaarde standpunt onder navorsers om Miga 4-7 te beskou as 'n latere komposisie. Deesdae is daar egter 'n groeiende bevraagtekening van hierdie standpunt. Die huidige beskouing is dat Miga 4-7, hoewel dit latere toevoegings is, ook ouer materiaal bevat wat in latere tye uitgebrei en oor gewerk is.

Miga 1:10-3:12 handel in hoofsaak oor 'n etiese oordeel oor die leiersklas van Jerusalem en dit is juis die tipe boodskap wat beskou word as die primêre fokus van die agste eeuse profeet Miga. Dit is dan in besonder Miga 1:10-16, 2:1-11 en 3:1-12 wat as outentieke Miga-materiaal beskou word. Miga 1:1-9, 1:12b, 13b en 2:12-13 is dié materiaal waar rondom die redaksionele vrae tot 'n groot mate wentel.

Wat hoofstukke 4-7 betref, is die saak meer kompleks. Dit is onder andere die heilskarakter van Miga 4-5 wat navorsers attent gemaak het op moontlike redaksionele prosesse. Waar Miga 1-3 afsluit met 'n boodskap van onheil, tref ons in Miga 4-5 'n boodskap van heil aan. Dit het talle navorsers laat besluit dat Miga 4-5 van iemand anders as die profeet Miga afkomstig is en dat dié persoon/e uit die eksiliese of na-eksiliese tyd afkomstig is. Hierdie materiaal veronderstel die vernietiging van Jerusalem en gee blyk daarvan dat dit antwoorde soek op die ballingskap. Hoofstukke 4 en 5 bestaan uit heelparty perikope wat handel oor beloftes van 'n oorblyfsel en aan Sion wat as't ware die oordeel van Miga 1-3 balanseer.

³ Ek kon die artikel nie persoonlik in die hande kry nie. Byna elke kommentaar en monografie op Miga verwys egter na Stade se belangrike bydrae tot die *Forschingsgeschichte* van dié boek.

Miga 6-7 word in die reël as 'n redaksionele eenheid beskou en hanteer. Vroeg in die navorsings geskiedenis van die boek het daar al stemme opgegaan wat gesê het dat Miga 6-7 beslis nie van die Suidryk profeet afkomstig was nie. Van die ondersteuners van hierdie standpunt meen dat dit woorde bevat van 'n Noordryk profeet wat vroeër as Miga opgetree het. As argument vir die standpunt word daar dan onder meer gewys op geografiese en historiese gegewens, soos byvoorbeeld aangetref in Miga 6:5; 16 en 7:14 en die voorkoms van Noordryk tradisies, soos byvoorbeeld in Miga 6:4,5 en 7:15. Hierby word dan gewoonlik nog sake soos verbonds- en verkiesingsteologie gevoeg, asook argumente ten opsigte van taal.

Daar is diegene wat 'n ingewikkelde redaksieproses voorstel. Hiervolgens sou Miga 1-3 eerste gestalte gekry het en dan wel as woorde van die agste eeuse profeet self. Die tweede fase het gedurende die ballingskap plaasgevind en behels die toevoeging van Miga 6:2-8, 9-15 en 7:1-6. Dan was daar gedurende die na-eksiliese tyd nog 'n verwerking gewees, terwyl laaste klein verstellings gedurende die Hellenistiese tyd gemaak is.

'n Ander standpunt is dat die boek gedurende die 5de eeu beslag gekry het. In die samestelling van die boek is daar dan terug gegryp na gebeure soos byvoorbeeld die Assiriese beleg van Jerusalem, die Babiloniese vernietiging van Jerusalem en die ballingskap van die Suidryk. Hierdie gebeure uit die verlede het gehelp gestalte gee aan die boek soos ons dit dan vandag ken.

MOONTLIKE TYD VAN OPTREDE

Volgens die opskrif tree die profeet Miga in die tyd van Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda op, gedurende die tweede helfte van die agste eeu v.C.⁴ Hy tree dus voor die val van Samaria (722 v.C.) op, terwyl hy die Siro-Eframitiese oorlog (735-734 v.C.), die val van Samaria, die gewelddadige vernietiging van Lagis en die beleg van Jerusalem (701 v.C.) meegemaak het.

Daar word melding gemaak van die lang tyd wat Miga sou opgetree het indien sy optrede oor al drie konings se regeringstyd gestrek het. Daar is 'n verskeidenheid argumente vir en teen so 'n lang tyd van optrede. Na my oordeel val die klem egter nie soseer op die lang tyd van optrede van die profeet nie, maar wel op die regeringstyd van die laaste koning, te wete Hiskia. Juis gedurende Hiskia se regeringstyd word Jerusalem se lot enersyds gekenmerk deur heil en onheil wat mekaar afwissel, terwyl Hiskia andersyds as 'n vroom koning wat op die Here vertrou geteken word (2 Kon. 18-20).

Hiskia is die enigste van genoemde konings wie se naam buite Miga met dié van die profeet verbind word (Jer. 26:18). Saam met Josia is Hiskia die enigste koning uit die tyd van die verdeelde monargie wat sonder voorbehoud beoordeel word (2 Kon 18:3, 22:2, 2 Kron. 29:2, 34:2 en Sirag 49:4). Al drie konings in die opskrif vermeld tree op gedurende die tyd toe die Assiriërs die groot wêreld moondheid was. Dit is slegs uit Hiskia se termyn wat daar enige iets positief gedurende die Assiriese tyd uit Juda vermeld word.

Bybelse tekste meld dat Hiskia vir 'n hele aantal dinge onthou word. Godsdienstige hervormings (2 Kon 18:4), ingenieursvernuif en versterking van die stad (2 Kon 20:20), opstand teen die Assiriese koning (2 Kon 18:7), vertroue op JHWH (2 Kon 18:5) en diens aan Hom alleen (2 Kon 18:6) is sake wat vermeld word. In sy vertroue op JHWH is Hiskia op sowel persoonlike as politieke vlak geseën. Hy is naamlik van 'n siekte genees (2 Kon 20:1-11) en anders as Samaria, is Jerusalem, Hiskia se hoofstad nie deur die Assiriese koning ingeneem of verwoes nie (2 Kon

⁴ Die datering van die konings van Israel en Juda is problematiese. Wat die aard, omvang en voorgestelde oplossings vir dié problematiek betref, kan Laato (2015) met vrug gebruik word.

19:32-37). Hierdie prentjie word deur Jesaja 36-38, die Kronieke skrywer (2 Kron. 29-32) en Sirag (Sir. 48:17-25) bevestig.

Of hierdie prentjie nou volledig ooreenstem met die "werklike geskiedenis" van Hiskia of nie, maak nie regtig saak nie. Wat van belang is, is dat dit die herinnering is wat die noem van Hiskia se naam by die mense van destyds opgeroep het. Hierdie positiewe herinnering oor Hiskia se regeringstyd is dit wat die redaktor van Miga 1:1 by die leser wil oproep. Net die verwysing na hierdie drie konings dui reeds een van die belangrike temas in die boek aan, naamlik onheil en heil wat mekaar afwissel, terwyl dit ook reeds die boodskap van die boek antisipeer, te wete die heilstyd wat aan te deurbreek is.

Die regeringstyd van die konings wat in Miga 1:1 genoem word wil vir die lesers 'n aanduiding gee van die historiese agtergrond waarteen die geskrif gelees moet word. Daar word algemeen aanvaar dat die opskrifte van die profete boeke, soos ons dit vandag het, eers na die voltooiing van die hele boek deur 'n versamelaar of redaktor aangebring is. Dit is ook die geval met Miga. Om egter te bepaal presies wanneer die opskrif in sy huidige vorm vir die eerste keer die boek Miga ingelei het, is nie vandag meer moontlik nie. Wat belangrik is, is om te weet dat diegene wat uiteindelik betrokke was by die vaslegging van die teks in sy huidige vorm wou hê dat dit teen die agtergrond van die Assiriese invloed op Israel en Juda gelees moet word.

Dit is nie vreemd om die naam Jerusalem in die opskrif te sien nie aangesien die boek se inhoud as geheel Jerusalem georiënteerd is. Hoewel Samaria effe onverwags in die opskrif opduik, is dit duidelik dat dit van die begin af bedoel was om deel van die opskrif te wees.⁵ So word die Noordryk (Israel) en die Suidryk (Juda) se geskiedenis met mekaar in verband gebring. Die historiese raamwerk wat die opskrif bied, plaas Miga doelbewus in die tyd van die konings wat die optredes van profete soos Hosea, Amos, Jesaja en Miga meegemaak het.

Ons ontmoet dus in Miga 'n getraumatiseerde gemeenskap wat in hulle nood uitroep tot God. Hulle wil nie weet waarom hulle wêreld op sy kop gekeer is nie. Nee, hulle wil weet wat hulle moet doen, sodat dit weer met hulle goed kan gaan, sodat God se heilstyd weer kan aanbreek. Hulle roep uit tot God en wil weet wat Hom tevrede sal stel - wat Hom gunstig teenoor hulle sal stem.

DIE AGSTE EEU EN DIE ASSIRIESE BEDREIGING

Gedurende Die eerste helfte van die agste eeu v.C. het die koninkryke van Israel en Juda voorspoed geniet. Daar is veral drie faktore wat tot hierdie toedrag van sake bygedra het. Eerstens het die Assiriese koning Adad-narari III (810-783 v.C.)⁶ se oorwinning oor Aram-Damaskus (796 v.C.), Israel se belangrikste politieke vyand in die streek, hierin 'n beduidende rol hierin gespeel. Met Aram-Damaskus se mag gebreek, kon die kleiner state in die laer Levant weer verlore grondgebied terugkry, beheer oor belangrike handelsroetes vestig en nuwe ekonomiese bande met die Fenisiërs aanknoop.

In die tweede plek is die Assiriese ryk lamgelê deur interne struwelinge om mag, terwyl dié ryk al meer deur die koninkryk van Urartu uit die Van-meer omgewing in die ooste van die huidige

⁵ Teen die tweede helfte van die agste eeu v.C. was die stamme van Israel in twee afsonderlike ryke verdeel (930/929 v.C.). Daar was Israel/Jakob/Efraim, ook bekend as die Noordryk met Samaria nou as hoofstad en daar was Juda of die Suidryk met Jerusalem as hoofstad.

⁶ Wat die Assiriese kronologie betref, sluit ek by Kuhrt (1995) se datering aan.

Turkye bedreig is. Die Assiriese koning kon gevolglik nie veel aandag gee aan dit wat aan die buitewyke van sy Westelike grens gebeur nie.

Aanvanklik was daar konflik tussen die state van Israel en Juda, maar toe die vyandigheid eers bygelê is, het beide ryk floreer - Israel onder Jerobeam II (787-747 v.C.) en Juda onder Azariah/Ussia (786-735 v.C.)

Met die herstel van die ryk van Aram-Damaskus en die opkoms van die neo-Assiriese ryk onder Tiglat-pileser III (744-727 v.C.), het vyandskap tussen Israel en Juda weer opgevlam. Beide het in die situasie van tyd tot tyd met ander state alliansies gevorm om hulle in die onderlinge konflik by te staan. Die soort hulp het egter teen 'n prys gekom en wel in die vorm van eksterne inmenging in huishoudelike sake en die oplê van swaar belasting.

Onder hierdie omstandighede van buitelandse inmenging, swaar belasting en magstryde was Israel en Juda by die kultus, die markplein en die gemeenskapslewe in die algemeen ontrou aan JHWH. Verskeie agste eeuse profete, soos byvoorbeeld Hosea, Amos, Jesaja en Miga wys in sterk taal die kultuspersoneel, leiers én die volk in hierdie verband tereg en roep hulle op om terug te draai na JHWH toe. Die invloed van die profete se boodskap was egter maar beperk gewees.

Toe Samaria, die hoofstad van die Noordryk uiteindelik voor die leër van Sargon II val (722 v.C.)⁷, skryf talle profete dit aan die ontrou van God se volk toe. Verskeie profete gebruik ook die geleentheid om die geskiedenis van die Noordryk as waarskuwende voorbeeld vir die Suidryk aan te bied. Beide JHWH se trou en die volk se ontrou word benut om die Juda op te roep tot onverdeelde trou aan JHWH. Vandaar die raakvlakke en wedersydse beïnvloeding van die onderskeie geskrifte van Noordryk- en Suidryk-profete.

Met die afsterwe van Sargon II (722/721-705 v.C.) en die troonbestyging van sy seun en opvolger Sanherib (704-681 v.C.), breek daar oral in die Assiriese ryk opstand uit. Nadat hy die orde in die ander dele van sy ryk herstel en sy heerskappy gevestig het, wend Sanherib hom in die jaar 701 v.C. na die Weste van sy ryk. Hierdie veldtog staan vandag bekend as Sanherib se derde veldtog. In die opstand van die westelike vasalstate teen Assirië, het Juda onder leiding van koning Hiskia, geen geringe rol gespeel nie. Dié state moes egter die een na die ander die knie voor Sanherib se leër buig.

Baie van die dorpies en stede in Juda word dan ook in hierdie veldtog verower. Die Assiriërs se aanval en verowering van die tweede grootste stad in Juda, te wete Lagis⁸ word in fynste besonderhede op muurpaneel in die Assiriese koning Sanherib se paleis in Nineve uitgebeeld. Die wreedheid van die Assiriese soldate val besonder op. Dié het 'n onuitwisbare letsel op die Judeërs se gemoed gelaat.

In die jaar 701 v.C. word Jerusalem beleër. Sanherib se annale meld hoe hy Hiskia en die inwoners van Jerusalem afgesny het van die buite wêreld. Hy neem egter, om redes waaroor ons net kan spekulêr, nie Jerusalem in nie. Hy keer terug na sy hoofstad Nineve, sonder om Jerusalem te verower. Of koning Hiskia van Juda, voor of na koning Sanherib se vertrek aan hom

⁷ Daar is verskil van mening oor wie van Shalmaneser V of Sargon II vir die vernietiging van Samaria verantwoordelike was. Talle navorsers meen dat Shalmaneser V Samaria verower het, maar dat hy sterf voordat sy "scribes" sy oorwinning kon opteken. Sy opvolger, Sargon II het toe die oorwinning as een van sy prestasies laat opteken.

⁸ Daar is navorsers wat op grond van veral argeologiese getuienis meen dat Lagis gedurende hierdie tyd selfs moontlik die ekonomiese hoofstad van die Suidryk kon wees.

tribuut betaal het, is nie uit die beskikbare bronne heeltemal duidelik nie.⁹ Dat hy egter 'n baie groot tribuut moes betaal, wat die wegvoer van lede van die koningshuis en leidende vakmanne en leiers ingesluit het, is nie te betwis nie. Daarby het daar van die grondgebied van Juda eintlik maar net Jerusalem en sy onmiddellike omgewing oorgebly. Baie van die grond is deur die Assiriese koning aan Filistynse stad-state toegeken as vergoeding vir hulle lojaliteit aan hom.

MAKROSTRUKTUUR

Aanvanklik het navorsers slegs 'n tweedeling t.o.v. Miga-materiaal gemaak, te wete Miga 1-5 en Miga 6-7. Eersgenoemde sou dan afkomstige wees van Miga van Moreset en laasgenoemde die vroeëre werk van 'n ander profeet uit die Noordryk. Hierdie verdeling is hoofsaaklik op historiese en literêre argumente gebaseer.

Later is Miga 1-3 en 4-5 ook van mekaar af los gemaak. Terwyl Miga 1-3 met 'n vernietigde Jerusalem afsluit (3:12), het Miga 4-5 'n duidelike boodskap van heil en hoop op herstel. Daar is talle navorsers wat dit as 'n strukturele eenheid sien, met die gedagte van 'n "oorblyfsel" wat 'n belangrike rol speel.

Indien mens op 'n literêre vlak fokus en jy neem die woord שמע "hoor/luister" as vertrekpunt, dan kan die boek Miga in drie groot blokke verdeel word. Elke blok begin in so 'n geval met שמע (Miga 1:2, 3:1 en 6:1) en in elke geval word 'n spesifieke groep aangespreek. Elkeen van hierdie drie onderdele bevat onheil en heil. In so 'n geval sal die makrostruktuur soos volg daaruit sien:

Miga 1:1	Opskrif vir die hele boek
Miga 1:2-2:13	Straf en belofte
Miga 3:1-5:14	Hoop volg op beproewing
Miga 6:1-7:20	Genade seëvier oor oordeel

In aansluiting by hierdie indeling is daar ook talle navorsers wat dit met mekaar eens is dat die boek Miga op 'n ander vlak ook 'n duidelik onderskeibare struktuur het en dat hierdie struktuur tot 'n mindere of meerdere mate verband hou met die kategorieë heil en onheil:

Miga 1:2-2:11	Onheil
Miga 2:12-13	Heil
Miga 3:1-12	Onheil
Miga 4:1-5:14	Heil
Miga 6:1-7:7	Onheil
Miga 7:8-20	Heil

Die konsensus onder navorsers is dat nie een van hierdie struktuur hul oorsprong by Miga, die agste eeuse profeet het nie, maar dat dit eerder 'n doelbewuste proses van strukturering uit die eksiliese en selfs na-eksiliese tyd verteenwoordig.

Nie een van die onderskeie strukture is onbruikbaar nie. Die gedagte van onheil en heil wat mekaar afwissel met die slot van die boek wat fokus op heil, is immers uit elkeen van die genoemde strukture duidelik.

⁹ 'n Groot hoeveelheid afskrifte van Sanherib se annale is gevind. Van hierdie artefakte is die Taylor en Chicago prisma's, die Rassam silinder en die Lagis reliëfs die bekendste. Ander minder bekende inskripsies sluit die Bul- en Aseka-inskripsies en die Nebi Yunus-tablet in. In die Bybel lees ons in Jesaja 36-37, 2 Konings 18:13-20:19, 1 Kronieke 32 en in die Apokriewe boek Ben Sirag 48:17-25 van Sanherib se beleg en die afloop daarvan.

KANTAANTEKENINGE - MIGA 6-7

Miga 7 vorm saam met hoofstuk 6 die derde en laaste deel van die boek. Sommige navorsers meen dat die twee hoofstukke van die 8ste eeuse profeet self afkomstig is, ander meen dat dit die werk van 'n Noordryk profeet is, terwyl daar ook diegene is wat meen dat dié twee hoofstukke uit die eksiliese en/of na-eksiliese tyd afkomstig is. Hoewel ons nie met sekerheid vir die een of die ander standpunt kan kies nie, is dit wel duidelik dat die bestaande teks in die eksiliese en na-eksiliese tyd tot sy huidige vorm verwerk is.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat die stof van die profeet Miga self afkomstig is. Daarvoor verskil die taal, historiese agtergrond en die inhoud van Miga 6-7 net te veel met dié van Miga 1-3 wat beskou word as bestaande uit materiaal wat hoofsaaklik afkomstig is uit die direkte kring van die agste eeuse profeet Miga.

So byvoorbeeld, is dit uit die taalgebruik duidelik dat Miga 1-3 spesifiek tot die leiers, priesters en profete gerig is, terwyl die taal in Miga 6-7 in die verband eerder vaag en van algemene aard is. Die styl tussen die twee dele is ook anders. In Miga 1-3 spreek Miga die skuldiges met driftigheid aan, terwyl dieselfde driftigheid in Miga 6-7 ontbreek. Talle navorsers wys ten slotte daarop dat Miga 1-3 die indruk skep dat dit uitgespreek kon gewees het. Daarteenoor is dit duidelik dat Miga 6-7 'n kunstige, literêre samevoeging van belangrike gedagtes is.

In hierdie hoofstukke word Miga se begrip van ongeregtigheiddeur nog 'n sosiale misdryf uitgebrei, te wete oneerlikheid in die handel. Die kring van skuldiges word ook uitgebrei. Nie slegs die rykes en die magtiges is skuldig nie, maar ook die inwoners van die land doen aan die onreg mee. Beide Miga 6 en 7 plaas ten slotte 'n hoë premie op דָּקָה "lojale goedheid".

KANTAANTEKENINGE - MIGA 7:1-7

Miga 7:1-7 handel oor die tweede begrip van Miga 6:8, naamlik דָּקָה "lojale goedheid". Dié drie stamkonsonante kom in 7:2 in die byvoeglike naamwoord vorm דָּקָה־נֶפֶשׁ voor. Inhoudelik word dit duidelik dat die versteurde verhoudings tussen mense lei tot 'n destruktiewe gemeenskap. Die volkome verval in die gemeenskap word deur die profeet se woorde in vers 1 beklemtoon. Almal en nie slegs 'n deel van die gemeenskap nie is skuldig. Die gebroke verhoudings tussen mense sny tot in die intiemste verhouding. Daar is trouens geen enkele verhouding wat nog die karakter van דָּקָה dra nie.

Die profeet soek na 'n regverdige mens, maar vind geeneen nie. Die skrywer maak nie alleen van metafore gebruik om sy soeke na 'n regverdige mens te verwoord nie. Op 'n kreatiewe manier word van herhaling gebruik gemaak, terwyl die skrywer die Hebreeuse taal kunstig aanwend om enersyds die prentjie van 'n goddelose gemeenskap te skets en andersyds die Here se verbintenis aan mense te beklemtoon. Sy woordkeuse lig die prentjie van 'n gemeenskap wat op sy kop gekeer is, van 'n gemeenskap waarin dinge die teenoorgestelde is van wat 'n mens sou verwag uit.

Let byvoorbeeld op die herhaling van אֵין "nie" in vers 1 en 2, asook יִשָּׁר "reguit" in vers 2 en 4. Dan is daar ook die klankspel tussen אָדָם "mens" en דָּמִים "bloed" in vers 2 en tussen יְשׁוּעָה יְיָ "God van my redding" en יִשְׁמְעֵנִי יְיָ "God wat my hoor" in vers 7. Die ironie in die gebruik van die woorde רֵעַ "bose" en רֵעַ "vriend/naaste/medemens" in onderskeidelik vers 3 en vers 5 kan nie

misgekyk word nie en so ook nie die woordspeling tussen מְסוּכָה "doringheining" en מְבוּכָה "verwarring" in vers 4 nie.

Dan is daar ook die uitdrukking in vers 3 wat lui עַל-הָרֶעַ כַּפַּיִם לְהִיטִיב "ten opsigte van die bose handpalms is goed". Ons sou dit ook kon vertaal met "hulle is goed in kwaaddoen". In dieselfde vers is daar nog 'n woordspeling. Saam met שָׂר "amptenaar" en שֹׁפֵט "regter" verwag die leser שָׁלוֹם "vrede", maar in die plek van שָׁלוֹם "vrede" is daar שְׁלוֹם "omkoopgeld". Die wêreld van die teks is dus vêr verwyder van wat die wêreld behoort te wees.

Alhoewel vers 7 die verhouding met JHWH ter sprake bring, meen sommige navorsers dat vers 6 eerder as afsluiting van die perikoop gelees moet word en dat Miga 7:7 as deel van Miga 7:8-20 geag moet word. Die ו (waw) verbind vers 7 egter stewig met die voorafgaande, terwyl ander argumente ook ter ondersteuning van vers 7 se plasing by Miga 1:1-6 aangevoer kan word. Dalk moet ons Miga 7:7 as 'n skarnier-teks beskou wat 7:1-6 met 7:8-20 bind.

Hoe dit ook al sy, vers 7 maak die bedoeling van Miga 7:1-7 baie duidelik. Die profeet het dit nie alleen oor onderlinge menslike verhoudings nie, maar ook oor die mens se verhouding tot God. So funksioneer die begrip חֶסֶד as 'n oorgangsbegrip en die perikoop as oorgangspirikoop om beide die mens tot mens én die mens tot God verhouding aan te sny.

KANTAANTEKENINGE - MIGA 7:18-20

Dat God die sentrum van Miga 7:8-20 is, is sonder meer uit die herhaling van sy Naam duidelik. Die naam "JHWH" kom vier keer en die woord "God" drie keer voor. Daar is in elk geval geen twyfel op grond van die inhoudelike kriterium dat die verhouding met JHWH in hierdie perikoop beklemtoon word nie.

Die laaste deel van die Miga val in vier gedeeltes uiteen wat heel waarskynlik liturgies aangewend is (7:8-10, 11-13, 14-17 en 18-20). Vir die doel van hierdie aanbidding bepaal ons ons egter net by die laaste subperikoop, te wete Miga 7:18-20. Dit begin met die vraag partikel מַי en lei 'n nuwe tema, naamlik vergiffenis in. In vers 18 word beskryf hoe JHWH is en in vers 19 e.v. word beskryf wat Hy doen.

Miga 7:18-20 ruim alle wanhoop uit die weg en plaas nie alleen die perikoop nie, maar ook die hele boek Miga in perspektief. Daarom kan ons Miga 6:8 nie losmaak van die Here se חֶסֶד (lojale goedheid), sy מִשְׁפָּט (geregtigheid/regverdigheid) en sy נִשְׂא עוֹן (vergifnis) nie. Die Here se lojale goedheid en geregtigheid is geleë in sy genade (רַחֵם), in sy vergifnis. Hierin lê ons hoop!

Die kontras met Miga 1-3 is groot. Vergiffenis en nie oordeel nie, het die laaste woord. Die boek wat met die sosiale ongeregtigheid van die leiers en oordeel oor Jerusalem begin, eindig met die getuienis dat God die regverdige is, wie se regverdigheid in sy vergewensgesindheid lê. Die agste eeuse profeet Miga het hom hoofsaaklik tot sosiale ongeregtigheid bepaal, maar die twee laaste hoofstukke van die boek toon aan dat ongeregtigheid nie tot sosiale onreg beperk is nie. Die verhouding tot God en die verhouding tot my medemens is twee kante van dieselfde munt.

MIGA, DESTYDS EN VANDAG

Om te bid vir en te vertrou op 'n regering en 'n president met integriteit is belangrik en dit bring hoop. Om te hoop op gunstige ekonomiese omstandighede waarin armoede afneem en rykdom

meer regverdig versprei word, is eweneens belangrik en ook dit sal beslis vir baie mens moed laat skep. 'n Dramatiese afname t.o.v. alle vorme van misdaad sal meeste Suid-Afrikaners se gemoed ligter maak, 'n algemene gevoel van welwese te gevolg hê en 'n gees van optimisme onder ons laat posvat.

Maar is dit die primêre dinge waarin ons hoop lê? Is dit dinge wat 'n egte en volhoubare verandering in ons gemeenskap en in ons gemoedstemming te weeg sal bring? Op grond van onder meer die boodskap van Miga, betwyfel ek dit.

Die Miga-geskrif getuig dat mense moed skep en dat heil in die gesigsveld kom wanneer gelowiges se woorde en daad in die Here se verbintenis aan hulle, in sy genade en sy verlossing gegrond is. Mens verloor moed en onheil oorval die gemeenskap wanneer selfs die Here se volk, wanneer selfs gelowiges meedoen aan byvoorbeeld onreg en gierigheid, terwyl hulle genadeloos optree.

Waarom voel ons ontredderd en moedeloos? In die lig van Miga wil ek sê omrede nie net ons land se leiers se handel en wandel gekenmerk word deur onreg, gierigheid, wetteloosheid en korrupsie nie, maar omrede ook gelowiges al te dikwels hierdie soort gedrag openbaar. Ons beleef nie net onreg van buite nie, maar ook van binne.

Dink in die verband aan byvoorbeeld aan die tragiese gebeure in verband met gay-lidmate se plek binne die NG Kerk wat sigself tans aan te afspeel is. In soverre as wat ek nie verbonde leef aan God se lojale goedheid nie, lyk die wêreld soos dit lyk en tree die kerk so onbeholpe op soos wat tans die geval is.

Gelowiges beleef onderling dikwels te min lojale goedheid, geregtigheid, genade en vergifnis. Nie-Christene beleef in ons teenwoordigheid gans te min van God se universele lojale goedheid, geregtigheid, genade en vergifnis. Daarom is baie mense in Suid-Afrika moeg, moedeloos, terneergedruk en hooploos.

Ons moet 'n slag stilbly, 'n slag ons klag terughou, sodat ons die "beklag van God" kan hoor. Ons sal dan hoor dat die Here ons op grond van Miga 7:18-20, oproep tot 'n lewe ooreenkomstig Miga 6:8. Mense gaan moed skep tot die mate wat gelowiges in verbondenheid aan die Here se lojale goedheid leef. In soverre gelowiges dit egter nie doen nie, gaan Miga 7:1-6 waar bly van ons kerk en ons land.

GERAADPLEEGDE WERKE

Wat hier volg is van die belangrikste bronne wat in my voorbereiding benut is. Ter wille van diegene wat sou belangstel om meer van Miga te wete te kom, word die bronnelys in bepaalde kategorieë verdeel.

SUID-AFRIKAANSE BRONNE

- Boshoff, Scheffler & Spangenberg, I. 2008. *Geskiedenis en Geskrifte. Die Literatuur van Ou Israel*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Bosman JG 1995. Geregtigheid in die boek Miga: 'n Tradisie-Historiese ondersoek na die begrip *צדקה*. *Skrif en Kerk* 16(2) pp. 219-232.
- Burden, JJ en WS Prinsloo (red) 1987. *Tweegesprek met God*. (Die Literatuur van die Ou Testament Deel 3). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Cronje, F. 2008. Miga, Jesaja in Schoeman, F. (et al) *Bybel in konteks. Eksegetiese en*

- liturgiese riglyne - Woordwyser II Pretoria: NG Kerk Oos-Transvaal.
- Deist, FE & JH le Roux
Scheffler, E.
Van der Merwe, CJH (et al)
Wessels, W
1987. *Rewolusie en Reïnterpretasie*. (Die Literatuur van die Ou Testament Deel 4). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
2001. *Politics in Ancient Israel*. Pretoria: Biblia Publishers.
1997. 'n *Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika* (Vol.1) Kaapstad: Nasionale Boekdrukkerye-Groep.
2002. Meeting Yahweh's requirements - a proposed reading of Micah 6:1-8. *OTE* 15/2, 539-550.

KOMMENTARE

- Ben Zvi, E
Kessler, R
Nogalski, J
2000. Micah. (FOTL Vol XXIB) Grand Rapids: Eerdmans.
2000. Micha. (HThKAT) Freiburg: Herder.
1993. Literary Precursors tot the Book of the Twelve. (BZAW 217) Berlin: Walter de Gruyter.
- Smith, RL
Van der Woude, AS
Wolff, HW
1984. Micah - Malachi. (WBC Vo 32) Waco: Word Books.
1976. Micha. Nijkerk: Callenbach.
1982. Dodekapropheton 4. Micha. (BKAT) Neukirchen: Neukirchen-Vluyn.

ANDER BRONNE

- Albertz, R
Dever, WG
Gallagher, WR
Gertz J (Ed.)
Hallo, WW (ed)
Jagersma, H
Jenni, E & C
Westermann.
Koch, K
Kuhrt, A
Laato, A
Saggs, HWF
Schoors, A
Stern, E
Zenger, E
1992. *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*. Teil 1. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
2017. *Beyond the Text. An Archaeological Portrait of Ancient Israel and Judah*. Atlanta: SBL Press.
1999. *Sennacheribs Campaign to Judah*. Leiden: Brill.
2007. *Grundinformation Altes Testament. Eine Einführung in Literatur, Religion und Geschichte des Alten Testaments*. 2. Auflage (UTB) Vandenhoeck & Ruprecht.
2003. *The Context of Scripture. Volume 2, Monumental Inscriptions from the Biblical World*. Leiden: Brill.
1979. *Geschiedenis van Israël in het Oudtestamentische Tijdvak*. Kampen: Uitgevermaatschappij J.H.Kok.
1984. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. (Zwei Bände) Band I. Zürich: Theologischer Verlag.
1978. *Die Profeten I; Assyrische Zeit*. Stuttgart: Kohlhammer.
1995. *The Ancient Near East c. 3000-330 BC (Volume II)*. Londen: Routledge.
2015. *Guide to Biblical Chronology*. Sheffield: Sheffield Phoenix Press.
1984. *The Might that was Assyria*. Londen: Sidgwick & Jackson.
1998. *Die Königreiche Israel und Juda im 8. und 7. Jahrhundert v. Chr.* Stuttgart: Kohlhammer.
2001. *Archaeology of the Land of the Bible (Vol. II) Assyrian, Babylonian, and Persian Periods (732-332 B.C.E.)* New York: Doubleday.
1996. *Einleitung in das Alte Testament*. Zweite, durchgesehene und ergänzte Auflage. Stuttgart: Kohlhammer.